Saterdag 7 November
Skrifgedeelte: Joël 2:12-17
Fokusgedeelte: Joël 2:12, 13 (AFR83)
Die Verbondsgod roep sy volk op tot hartgrondige bekering

Hoofstuk 2:1-11 beskryf die verskriklike dag van die Here in die vorm van 'n sprinkaanplaag waarmee die Here sy volk tref. Dit wil blyk dat daar vir die volk van God geen hoop meer is nie. Maar ons fokusgedeelte wys daar is nog hoop. As die volk hulle van harte bekeer, dan is daar hoop dat Hy die straf sal herroep. Die Here doen dit alleen omdat Hy ook 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en vol liefde.

Die oproep tot die volk dat hulle met hulle hele hart hulle moet bekeer, beteken dat dit nie net uiterlike vertoon moet wees nie, maar 'n heelhartige en hartgrondige bekering. Tog moet die innerlike bekering ook in hulle uiterlike dade sigbaar wees. Daarom roep die Here hulle op om te vas en te huil en te treur. Die hele verbondsvolk moet dit doen. Selfs die kinders en suigelinge en pasgetroudes moet deel van die bekeringsaksie wees. Die Here verwag dit van sy ganse verbondsvolk.

As die Here egter die straf herroep, dan doen Hy dit nie omdat die verbondsvolk hulle bekeer nie, maar Hy doen dit omdat Hy 'n genadige en barmhartige God is wat lankmoedig en vol liefde is. In Jesus Christus het ons die Here se groot liefde vir ons raakgesien. Sonder dat ons dit verdien het Jesus die dag van die Here se toorn beleef daar aan die kruis, sodat God ook bereid was om ons straf te herroep. Juis omdat Hy barmhartig en genadig, lankmoedig en vol liefde vir ons is, stel Hy ons ook in staat deur die werking van die Heilige Gees dat ons met ons hele hart ons tot Hom kan bekeer. Die Gees spoor ons aan dat ons ook nou uit dankbaarheid vir God se genade ons daagliks van harte tot Hom wil bekeer.

Dink net hoe bevoorreg jy is dat Christus jou deel van God se verbondsvolk gemaak het. Bewys dankbaarheid aan Hom deur daagliks terug te keer na Hom deur jou hartgrondig te bekeer.

*Sing: Skrifberyming 2-4:3*

*Ds. MAF (Andries) Kruger (Emeritus)*